Newsletter

Desember 2013

Goeiedag

Ek vertrou dat almal lekker reën gehad het en dat die veld nou weer groen bot. Indien nie, wees gerus dat u met die regte ras boer wat die droogte sal kan hanteer en u nie 'n verlies sal laat lei nie.

Ek wil graag elke lid van die Meatmaster Genootskap bedank vir u harde werk deur die jaar om die besonderse ras te bevorder en uit te brei. Ek glo dat 2014 ons na hoër hoogtes gaan neem.

Ek doen 'n beroep op elke teler om moeite te doen met die seleksie van hulle diere. Maak van slegs die beste ramme tot u beskikking gebruik om te verseker dat ons geneties die ras verbeter.

Elke lam wat gebore word is 'n advertensie!!! Ons kan nie verwag dat ons ras gaan groei as ons swak diere bemark nie. Daar is baie bekwame keurders reg oor die land wat u kan help om u kudde te verbeter, maak asseblief van hulle gebruik.

Ek wil spesiaal vir Sonja by die kantoor uitsonder en bedank vir haar harde werk en positiewe bydrae tot die bevordering van die ras. Dankie vir jou vriendelikheid en hulpvaardigheid deur die jaar. Sonja sal van die 17de Desember 2013 tot die 10de Januarie 2014 met welverdiende verlof wees.

Neem asseblief kennis van die vertoning wat ons volgende jaar tydens die Bloem Skou gaan hou. Sonja sal vroeg in 2014 die reëlings sowel as die klaslys vir u deurgee. Die persoon om te kontak in verband daarmee is Danie Visser. Daar is besluit dat die dier wat die ras by Nampo gaan verteenwoordig op die skou uitgewys sal word.

Gepraat van Nampo 2014 Indien u gedurende Nampo vir 'n dag die stalletjie wil kom help beman, moet u asseblief met Sonja kontak maak. Die raad het dit ook goed gedink om die stalletjie op te knap en die kombuis area mooi netjies te maak.

Ons gaan vir 2014 'n 1000 Joernale laat druk. Die kostes beloop R2000 vir 'n volblad en R1000 vir 'n halweblad. Dit sluit nie die ontwerp van die advertensies in nie. U is welkom om self u advertensie te laat ontwerp, so nie is u welkom om Aletta by Andrea's Viljoen Designs te kontak, hulle tarief is R850.

NB U advertensie moet die kantoor bereik voor die 28ste Februarie 2014!!!!

Die volgende gebeure het plaasgevind in die kwartaal:

- Loeriesfontein veiling het op 19 Oktober 2013 plaasgevind.

  Ramme: omset R302 400, Gemiddeld R6 048, Duurste ram R1 9000.

  Ooie: omset R121 300, Gemiddeld R1 347, Duurste ooi R4 700.

- Senior beoordeelaarskursus was aangebied op 23 en 24 Oktober 2013 te Bethulie.

PW VAN HEERDEN
POSBUS 271, WESSELSBRON, 9680
083 627 4133
086 266 3588
pwvanheerden@mailbox.co.za

PRESIDENT VAN DIE MEATMASTER TELERS GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

- Raadsvergadering het plaasgevind op 24 Oktober 2013.

  Die portefeuljes van die Raadslede is:

  Clynton Collett / Johan Steyn - Tegniese komitee /kursusse / bemarking / administrasie en kantoor

  PW van Heerden Webblad en Joernaal

  Danie Visser Skoue

  Johannes Swiegers Veldramprojek

  Boemie Saaiman Roadshows (Toere)

  Jo Steenkamp Finansies

  Sarie Pieterse Noord-Wes

  Jannie de Villiers Namibië

  Stephan Kirsten Oos-Kaap

  Henk Kearney Noord-Kaap

- Noord-oos Meatmaster veiling op 31 Oktober 2013 te Pretoria Skougronde

  Dragtige ooie Gemiddeld R1780 Hoogste R2500

  Dragtige ooilammers Gemiddeld R 1550 Hoogste R 1700

  Oop ooilammers Gemiddeld R 1325 Hoogste R 1600

  Dragtige ooie met lammers Gemiddeld R 2937 Hoogste R 3500

  Ooie met lam Gemiddeld R1808 Hoogste R 3000

  Ramme Gemiddeld R 4350 Hoogste R 9000

- Kleinvee Forum op 12 November 2013. Clynton Collett het hierdie vergadering bygewoon.

Kalender 2014

11 en 12 Februarie 2014 - Beginnerskursus Hopetown Kontak persoon Johannes Swiegers 0832337848

11 Februarie 2014 - Raadsvergadering na afloop van die kursus

13 Februarie 2014 - Hopetown veiling van Veldramme

19 Februarie 2014 - Kleinvee vergadering by Bloemskou

22 Februarie 2014 - Oostermoed/Overvaal veiling - Hekpoort

27 Februarie 2014 - Superior Genetics Produksie veiling Bethulie Clynton Collett

20 Maart 2014 - Biandi veiling Jannie van Deventer

16 April 2014 - Henk Kearney Produksieveiling

29 en 30 April 2014 - Skou by Bloemfontein

30 April 2014 - SA Stamboek Elite Teelt Simposium

13 16 Mei 2014 - Nampo

29 Mei 2014 - Biandi veiling Jannie van Deventer

12 Augustus 2014 - Keuring van skape vir Nasionale veiling

12 Augustus 2014 - Raadsvergadering

13 Augustus 2014 - Keuring van Skape vir Nasionale Veiling

13 Augustus 2014 - Algemene Jaarvergadering

14 Augustus 2014 - Nasionale Veiling Bloemfontein

27 Augustus 2014 - Dennis Steenkamp Produksieveiling

27 31 Augustus 2014 - Lente skou Pretoria

17 20 September 2014 - Agri Mega Bredasdorp

16 - 18 Oktober 2014 - Loeriesfontein skou

11 November 2014 - Kleinvee Forum



Voorspoedige 2014!!!

Mag u ontvang bo verwagting en gee in oorvloed.